

Sing vooraf staande: Skrifberyming 16-1:1, 2, 3 (15:1, 2, 3)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."
- 3 En die Here het sy arrens / koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet (Eksodus 20 en Romeine 3:21-26)

Psalm 31:5, 6 (p. 144)

- 5 In U, my God, wil ek weer bly wees; / die guns wat U my bied, / wil 'k lofsing in my lied.
U was dit wat my wou naby wees, / wat my in guns aanskou het / toe ek op U gebou het
- 6 U het my nimmer oorgegewe / aan vyande wat wreed / getrag het na my leed.
Deur U, bevryder van my lewe, / kan ek met vrye skrede / nou wandel in u vrede.

Gebed

Psalm 145:9, 10, 11 (p. 697)

- 9 Daar's oë wat in sterk verlange smag, / hul wag op U, ja, alle skeps'le wag:
U spysig hul, u wonderhand alleen / versadig hul en strooi 'n volle seen.
- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.
- 11 Hy gee die wens van almal wat Hom vrees; / op hul geroep wil Hy 'n redder wees.
Sy hand verdelg die goddelose, maar / die wat Hom liefhet, sal die HEER bewaar.

Skriflesing: Psalm 145; Heidelbergse Kategismus, Sondag 50

Kernvers: Psalm 145:15-16

Ajin Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. Pe U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae.
(Psalm 145:15-16 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat

goed is (b), en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).
(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

Tema: Ons algehele afhanklikheid van die HERE

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, tydens Jesus se openbare optrede, so vertel Matteus dit aan ons, het die mense kindertjies na Hom toe gebring sodat Hy hulle die hande moes oplê en vir hulle bid. En as 'n mens kyk waar dit in die evangelie opgeteken is – Matteus en Markus beskryf dit net nadat Jesus 'n gesprek met die Fariseërs gehad het oor egskeiding en Lukas beskryf dit net nadat Jesus met twee gelykenisse onderrig gegee het oor gebed – sien 'n mens dit gebeur juis in 'n stadium toe Jesus druk besig was. Na die oordeel van die dissipels was Jesus besig met baie belangrike sake en Hy moes nie lastig geval word deur 'n klomp kindertjies nie.

Markus skryf dat Jesus die dissipels kwalik geneem het en die kindertjies na Hom toe geroep het. Hiermee het Jesus duidelik gemaak dat Hy as die Seun van God nooit te besig is om aan een van sy kinders aandag te gee nie. Selfs die kleintjies sal altyd 'n geleentheid kry om die Here se aandag te geniet. Kindertjies is nie, soos wat grootmense baie maal dink, onbelangrike mensies nie. In sy besige program maak Jesus ruimte vir die kindertjies, **want aan sulkes behoort die koninkryk van God** (Markus 10:14 AFR53). En dan gaan Jesus verder en sê hierdie belangrike woorde:

Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. (Markus 10:15 AFR53)

En hoe is kinders? Ons sien dit vanoggend weer in die dogtertjie wat gebring word dat die Here in die doop sy besondere beloftes aan haar kan toesê. Kinders is algeheel van hulle ouers afhanklik. Hierdie klein dogtertjie sal nie kan oorleef as haar pa en ma nie na haar omsien nie. Haar oë kyk met verwagting na haar ouers. Hulle moet vir haar kos gee en klere aantrek. Hulle moet haar dra en liefhê. Met hierdie kindjie en met elkeen van die kindertjies in die gemeente preek die Here vir ons en sê ons moet soos kinders die koningsheerskappy van God erken en ontvang.

Dit wat die Here vir ons deur die kinders preek, sê Hy in Psalm 145 so:

Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehag. (Psalm 145:15-16 AFR53)

Dit is op grond van Psalm 145:15 dat ons bely dat die Here ons **versorg met alles wat vir die liggaam nodig is.**

Broers, susters en kinders, die Here sê dat al wat lewe na die Here opkyk vir die versorging wat nodig is. Ons bely dat die Here ons versorg met alles wat ons vir die liggaam nodig het. Dit is immers wat ons by die Here vra wanneer ons bid: **Ons Vader wat in die hemel is, gee ons vandag ons daaglikse brood.** Maar is dit hoe ons daaglik lewe? Soms lewe ons so, maar die meeste van die tyd gaan ons eenvoudig aan met ons eie hulpbronne. En eers wanneer ons hulpbronne uitgeput is, kyk ons op na die Here.

Klink hierdie sake vir jou ook bekend: As ons meer geld nodig het, beding ons vir 'n groter salaris of ons soek 'n ander werk wat beter gaan betaal. As ons nie vir 'n beter salaris kan beding of 'n ander werk kan kry nie, pak ons privaatwerk aan om meer geld te kry. As dit droog is en die veld smag na reën en die diere smag na kos, is dit die mens wat elke

weervoorspelling naarstiglik dophou en hoop dat die wind gaan draai. As ons siek word, is die dokter gewoonlik die eerste een wat van ons pyn en ongemak hoor. Hoeveel keer het ons al in een van hierdie benoude omstandighede eerste na die Here in gebed gevlug? Dit lyk soms of dit wat die Here vir ons leer en die geloof wat ons in die Here oor hierdie sake bely maar net woorde op papier bly. Dit lyk so asof ons teoretiese geloof beoefen, want in die praktyk tree ons baie maal so anders op as wat die Here ons leer en wat ons bely.

Ons mense is geneig om ons geestelike lewe en ons liggaamlike lewe los te maak van mekaar. Ons doen dit wanneer ons een ding glo en bely maar 'n ander ding doen en leef. Daarom gebeur dit dat ons vir ons sieleheil besef dat ons nie sonder God kan nie. Maar wanneer dit kom by ons liggaamlike lewe – ons brood en botter van elke dag – dan wil ons selfversorgend optree. Ek het al 'n man gehoor sê dat hy nie nodig het om vir sy kos te bid nie, want hy werk mos daarvoor.

Ons leer hierdie onderskeid tussen die geestelike en die liggaamlike nie in die Bybel ken nie. Jesus Christus het nie net 'n klomp siele kom verlos nie. Hy het ons liggaam en siel van die heerskappy van die duiwel en die sonde verlos, want sy Vader het ons liggaam en siel geskep en dit behoort dus aan Hom. Daarom leer Jesus ons om ons brood van vandag by ons Vader in die hemel te vra.

Voordat ons by die betekenis en die doel van hierdie vierde bedede uitkom, moet eers by twee woorde in hierdie bedede stilstaan. Die eerste woorde is *brood*. Wanneer ons bely wat die vierde bedede beteken, sê ons dat die Here ons met alles versorg wat vir die liggaam nodig. Tereg kan 'n mens vra of dit regverdig is om te verstaan dat *brood* dieselfde is as *alles wat vir die liggaam nodig is*. Wanneer 'n mens nugter en logies nadink oor wat alles nodig was, sodat ons die brood vanoggend aan tafel kon geëet het, sal 'n mens begrip vir die wysheid van die Here kry. Die brood is immers by 'n winkel gekoop. Dus moet daar 'n winkel wees met mense wat daar werk. Daardie gebou waarin die winkel is, moes gebou word. Die bakker wat die brood gebak het, het meel nodig gehad, dus moes daar 'n meule wees en mense wat daar werk. Die meulenaar het die koring nodig gehad om te maal sodat hy die meel aan die bakker kon verkoop. Iemand moes die koring geplant en die landerye bewerk het sodat die meulenaar die koring kon hê om te maal. Dit beteken ook dat die koring op die land moes groei en daarvoor was reën nodig. En wanneer ons by hierdie punt uitgekom het en weet dat dit net die Here is wat reën kan gee en die groei-proses van die koring beheer, begin ons raaksien: Dit is die Here wat aan die werk is – van die begin af totdat daardie broodjie op my bord kon lê. Ons sal 'n dag lank besig wees om alles op te noem wat meegewerk het tot by daardie brood.

Die Here gee inderdaad alles wat nodig is sodat ons kan lewe. Daarom is dit reg as ons sê dat *brood* in die vierde bedede verwys na *alles wat ons vir die liggaam nodig het*. Al wat lewe kyk in verwagting op na die Here. En as Hy sy hand nie oopmaak nie, sal die lewe begin wegwyn.

Die ander woord in hierdie bedede wat ons aandag trek is *vandag*. Jesus leer ons nie om 'n maand se kruideniersware van die Here af te bid nie maar slegs vandag se brood. Daarmee leer Hy ons om elke dag afhanklik van die Here te lewe. As die Here dan elke dag vir die voëls van die hemel kos gee, dan sal Hy dit mos ook aan sy mense doen, so belowe Jesus dit self in die Bergpredikasie (Matt 6:26). Ons hoef dus nie bekommerd te wees oor môre se kos nie. Die Here sal daarvoor sorg. Hy weet wat ons nodig het sodat ons Hom kan bly dien.

Maar beteken dit dat ons maar net kan bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood** en eensklaps sal daar kos op ons tafel verskyn en klere in ons kas en ons sal gesond en kragtig wees om te kan werk en ons gaan 'n werk hê? Gee die Here vir ons brood soos wat Hy aan Israel manna in die woestyn gegee het? Natuurlik kan die Here dit steeds vandag so doen. Hy is immers almagtig. Maar Hy verkies om dit vandag langs die weg van getroue arbeid te doen.

Die Here maak sy hand oop en Hy beskik vir ons 'n werk, soos wat Hy middele – finansies, 'n plek om te studeer en verstandelike vermoëns – beskik het om te kan studeer. Hy skenk gesondheid en krag sodat ons elke dag ons daaglikse werk kan gaan doen en geld verdien om brood te koop.

Wanneer ons besef dat die Here sy hand oopgemaak het vir al hierdie dinge sodat ons daaglik getrou ons werk kan doen, besef ons ook dat ons versigtig moet wees om te dink dat dit my eie skrandigheid en flukse werk is wat dit vir my moontlik maak om 'n goeie werk te hê en 'n salaris te verdien. Aan die een kant voel dit onnodig om dit nou vir mekaar te sê, maar ons weet almal hoe ons hart geneig is om te maak. Aanvanklik vra ons vir die Here werk en Hy beskik vir ons 'n werk. Aanvanklik vra ons die Here om ons wysheid en insig te gee sodat ons hierdie werk goed sal doen en Hy beskik ook hierdie dinge vir ons. Maar kort voor lank kom ons agter dat ons nogal goed is met ons werk. Ons raak elke dag vaardiger en ons kry groot hoeveelhede en moeilike werkstukke gedoen sonder te veel inspanning. Dit is net daar waar die verleiding dan ook sy kop uitsteek. Ek kom nou goed genoeg reg en vra nie meer so gereeld die Here se hulp en seën op my werk nie.

Onthou u nog wat die Here so 'n klompie weke gelede vir ons geleer het uit Psalm 127 en 128. Een van die elemente wat onontbeerlik is vir 'n Godvresende huisgesin is die seën van die Here.

As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap! (Psalm 127:1-2 AFR53)

Dit is presies wat ons bely: **Al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën kan ons nie baat nie.** As die Here nie sy hand oopmaak en ons seën nie, sal ons lewe verseker wegwyn, want ons is nie in staat om self ons lewe te onderhou nie. Die Here moet dit doen, want Hy is **die enigste Bron van alles wat goed is.**

Net nog weer terug na Psalm 127 en 128; onthou ook vir wie die Here sy seën ryklik skenk – dit is die mense wat in die vrees van die HERE lewe. Die mense wat ontsag vir God het omdat Hy God en Vader is, kan reken op die seën van die Here. Dit is ook dieselfde mense wat hulle gesondheid en lewenskrag en motor en werk en huis en kos en klere nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Hulle hou hulle oë vol verwagting op die Here en Hy gee op die regte tyd wat hulle nodig het sodat hulle Hom voluit kan dien.

Die wete dat God die enigste Bron is van alles wat goed is en dat ons sy oop hand wat seënend oor ons uitgestrek is so nodig het, bring ons daartoe om verder te vra: **Ons Vader wat in die hemel is, gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek en op U alleen stel.**

Die loflied van Psalm 145 is dan inderdaad 'n loflied oor die goedertierenheid en genade en barmhartigheid wat die Here daaglik aan ons openbaar wanneer Hy sy hand oopmaak en alles wat lewe versadig. Waarom sal ons dan op onself wil vertrou – ons verstandelike

vermoëns en liggaamskragte – want dit is nie vir ons om hierdie dinge te besit nie, maar om Hom daarmee te vereer. En ons vereer Hom wanneer ons in vertroue op Hom ons daaglikse werk doen. Hy wil hê dat ons soos kinders in algehele afhanklikheid van Hom sal lewe en werk.

By ons doop het God ons Vader vir elkeen van ons betuig **dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons tot sy kinders en erfgename aanneem en ons daarom met alle goeie dinge wil versorg**. Net soos wat ons kinders die reg het om kos en klere van hulle ouers te vra, so mag en moet ons ook ons brood vir elke dag by ons Vader in die hemel vra.

Deur Jesus Christus het ons hierdie genadereg ontvang om God weer as Vader om ons daaglikse brood te vra. Deur ons moedswillige sondeval in Adam het ons alle reg op kindskap van God en daarmee saam alle kinderregte verbeur. Danksy Jesus Christus alleen is ons herstel in ons posisie as kinders van God. Daar skryf Johannes:

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag (reg) gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo. (Johannes 1:12 AFR53)

Christus moes egter alle kinderregte ontbeer sodat ons weer ons kinderregte kon terugkry. Hy moes 'n woonplek ontbeer, want Hy het verklaar:

Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie. (Lukas 9:58 AFR53)

Hy het woningloos geword sodat ons 'n dak oor ons kop kan hê. Hy moes aan die kruis uitroep:

Ek het dors! (Johannes 19:28 AFR53)

Hy moes water ontbeer sodat ons weer brood en drank uit die hand van ons Vader kan ontvang. Deur sy lyding heen het Hy alles verdien wat ons as kinders van God nodig het. Danksy Hom en danksy God se genade in Christus het ons weer kinderregte. Maar dit is genaderegte, want ons verdien hierdie goedheid van God hoegenaamd nie. Alleen in die Naam van Jesus Christus kan ons elke dag ons brood vir daardie dag vra.

Mag die Heilige Gees ons oë oopmaak vir die preek van die Here deur hierdie klein dogtertjie wat Hy vanoggend gaan doop. Mag die Heilige Gees ons almal soos kinders maak wat weet dat hulle sonder God niks kan doen nie.

Amen!

Slotgebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 90:9 (p. 456)

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlikheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^e alleen bly wag.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Katkisasie-opening

Psalm 84:2, 6 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontroon nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Maart 2015